MyStories
jou eie avontuur

# ISABEL

## Se See Avontuur



# ISABEL

## Se See Avontuur

Geskryf deur Mariana van der Merwe
Illustrasies deur Ronel Watkins
Uitleg deur Cené de Wit

MyStories
jou eie avontuur

www.mystories.co.za

**Produk van Suid Afrika** © Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

MS2894-02



Die sonstrale dans soos sterretjies op die blou water.

Isabel hardloop heen en weer met 'n emmer vol water en sand.

Vandag gaan sy die hoogste sandkasteel ooit bou!

Oorkant, op 'n ou roeiboot, sien Isabel 'n krappie trippel.

Die krappie hou 'n snaakse sakkie vas en swaai haar pootjies wild.


**"Psst ... maatjie ...**


jy moet my help!" roep die krappie.



Isabel tel die krappie op.

"Sien jy hierdie sakkie?" sê die krappie. "My eiertjies is hierin. Binne-in elke eiertjie is 'n babakrappie. Hulle gaan enige oomblik uitbroei.





Voor dit gebeur, móét ons my eiertjies in die veilige rotspoele by daardie eiland kry.” Sy wys met haar knypers na ’n groep rotse wat hoog bo die water uitsteek.




“Maar hoe gaan ék jou daarmee help?” vra Isabel.



"Maklik," sê Krappie en wys na die roeispane.

Isabel voel sleg om vir haar te sê dat sy eintlik die hoogste sandkasteel in die wêreld wil bou. Dis belangrik vir haar. Maar die eiertjies is óók belangrik. Sy stoot die bootjie in die water en klim in.



Hulle roei dat die water spat.

**"SKWAAK! SKWAAK! PASOP!"**

waarsku iemand.

Isabel kyk rond. "O Petoors!" roep sy.

"Ons boot lek!"

**"Ons sink!"**

skree Krappie.


"Wat nou?" skree Isabel en kyk wild rond.

Onderin die boot lê ’n ou trommel.
Isabel lig die deksel op. “Duikgoeters!” roep sy uit.

**“Dankie tog!”**

Krappie klap haar knypers en doen ’n krapdansie.





Isabel trek die paddavoete aan en sy en Krappie duik in.



Die seestroom is sterk en hulle raak gou moeg.

# “SKWAAK! SKWAAK! PASOP!”

## “O, gedorie!”

Isabel beduie na ’n groot grys driehoekvin wat op hulle afswem.

. “’n Haai!” roep sy. “Wat nou?”

Die haai swem in sirkels om hulle.



Isabel het lank terug in ’n boek gelees wat om te doen as ’n haai jou sou aanval.

Sy bal haar vuis om die haai ’n uitklophou op die neus te gee.




Tot haar verbasing glimlag die haai vir haar.

Isabel laat sak haar vuis.

"Jy ... jy lyk dan nie kwaai nie?" sê sy.


"Alle haaie is nie kwaai nie," sê die haai. "Sê my, het julle twee hulp nodig?"




Dadelik sê Krappie: "My eiertjies kriewel en kraak al! Kan jy ons dalk help om by die veilige rotspoele van daardie eiland te kom?"

**"Gryp my vin en hou vas!" sê die haai.**

**Met Isabel en Krappie wat aan sy vin klou, swem die haai deur die bruisende golwe tot by die eiland.**





"Krappie, kom ons gaan sit jou eiertjies dadelik in 'n rotspoel!" sê Isabel.

**"O toggie,"**

kreun Krappie meteens.

"Wat makeer?" vra Isabel.

Krappie beduie met haar knyper. Diep in die see dryf haar sakkie eiertjies.

"O nee!" roep Isabel. "Wat nou?"

**"SKWAAK! SKWAAK!"**

"Help! Die pelikaan gaan al die eiertjies met een hap insluk!" skree Isabel en Krappie, amper gelyk.

En sowaar. Die groot ou pelikaan duik en skep die eiersakkie met een hap op met sy groot snawel. Krappie snik en Isabel druk haar oë toe. Hulle kon nie die babakrappies red nie.

Dis te vreeslik ...

Dan hoor Isabel 'n geflap van vlerke. Haar oë vlieg oop.

# "SKWAAK! SKWAAK!"

Die pelikaan land langs hulle en maak sy groot snawel wyd oop. Isabel en Krappie kyk na mekaar.


Toe, op haar tone, stap Isabel nader en loer by die oop snawel in.

Wat sien sy daar?

Die hele sakkie vol eiertjies, veilig onder in Pelikaan se diep snawel.

"Wonderlik, wonderlik, wonderlik!" sê Krappie dankbaar.





Dadelik hardloop Isabel, Krappie en Pelikaan na die rotspoele. Hulle plaas die sakkie in die veilige waters. Met tevrede harte kyk Isabel hoe die krappies uitbroei en onder die klippies inkruip.



“Dit raak laat!” roep Haai uit die water.

“Ek moet gaan!” sê Isabel en waai vir Haai en Krappie. Sy skaats weg terwyl sy aan Pelikaan se pote vashou.


Terug by die strand tel sy haar emmertjie op.

Die son sit al laag, en terwyl sy weg was, het die branders bo-oor haar sandkasteel gespoel.

**Isabel en Pelikaan gaan sit en kyk hoe die sonstrale soos sterretjies op die see dans.**

**“Dit was ’n heerlike dag. Ek is baie bly ons kon vir Krappie help. More sal ek weer probeer om die hoogste sandkasteel ooit te bou,” sê Isabel.**

**“Môre is nog ’n dag.”**



**“SKWAAK! SKWAAK!”**

sê Pelikaan. “Ek sal jou daarmee kom help.”



MyStories
jou eie avontuur

**Krappie moet dringend haar eiertjies in die veilige rotspoele van die eiland kry.**

Daarvoor het sy Isabel se hulp nodig. Dit is die begin van ‘n opwindende see avontuur vol onverwagse vriendskappe en ook uitdagings.

Sal Isabel en Krappie die eiertjies betyds in die rotspoele kry?

**www.mystories.co.za**



MS3894-01